Publication: Sake (Rapport)
Date: 2015-12-13
Page: 6

# Moenie testament agterweë laat nie

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Dis weer daardie tyd van die jaar. Oral hoor ek: Wanneer sluit julle vir die vakansie?

As jy een van die gelukkiges is wat êrens gaan ontspan, onthou, jou finansiële verpligtinge kan nie vakansie hou nie. Ek wil nie 'n vakansie bederf met negatiewe gedagtes nie, maar ons weet dat nie almal wat see toe vertrek, weer huis toe sal kom nie. Ek glo as jy beplan vir die "wat as"-vrae, sal daar minder finansiele ellende en ongelukkigheid onder mense en hul naasbestaandes wees.

So, kyk maar weer na jou testament. Dit is een van die belangrikste dokumente wat jy in jou lewe gaan teken. Ek is soms verstom as ek hoor hoe ligtelik sommige mense met hul testament omgaan. Om te sê "ag, hulle moet maar maak met my goed wat hulle wil", is eintlik om jou finansiële verantwoordelikheid teenoor 'n eggenoot en kinders gering te ag.

Die "hulle" kan, as dinge nie reg gedoen word nie of as daar nie voorsiening gemaak is vir sekere gebeure nie, dalk nie eens die "hulle" wees wat jy in gedagte had nie.

Daardie dokument moet jou vermoëns en wense, asook jou naasbestaandes se behoeftes in ag neem. Dit moet ook nie net wettig en uitvoerbaar wees nie, jy moet self seker wees oor wat presies daarin staan. Maak daarom net van kundiges gebruik, en liefs eers nadat daar oorweging gegee is aan jou boedel en die gevolge van jou wense aan jou verduidelik is.

Onthou: Daar gaan nie iets met jou gebeur nie, jy gaan dood. En dooie mense kan nie later foute regmaak, of kom sê wat hulle eintlik bedoel het nie.

Los jou testament - verkieslik 'n oorspronklik getekende afskrif daarvan - op 'n plek waar iemand dit kan kry, soos tuis in 'n brandkluis, al hou jou diensverskaffer ook een. As jy 'n lewende testament het, maak seker daar is ook 'n oorspronklik getekende afskrif daarvan in die brandkluis.

'n Lewende testament bevat jou wense en watter mediese sorg jy wil hê as jy self te siek raak om besluite daaroor te neem. Maak seker jou naaste familie weet dat jy so 'n testament het en waar jy dit bêre. Ek sal selfs voorstel dat jy jou dokter ook inlig van so 'n testament.

Die rede hiervoor is dat - anders as met 'n gewone testament - 'n lewende testament 'n dokument is wat 'n rol gaan speel terwyl jy nog leef. Om uitvoering daaraan te kan gee, moet dit dus beskikbaar wees voordat dit te laat is.

> “ Los jou testament op 'n plek waar iemand dit kan kry.

Dit is ook 'n goeie idee om lewenspolisse in 'n lêer bymekaar te hou - dalk in dieselfde lêer waarin die testament gebêre is. Dan is alles sommer bymekaar.

Hou in gedagte dat jou naasbestaandes sonder voldoende kontant kan sit as jy skielik sterf en van die vinnige uitbetaling van 'n lewenspolis afhanklik kan wees.

Terwyl ons van polisse praat, maak seker van jou korttermynpolis. Wat is gedek en wat nie? Almal wil altyd die goedkoopste dekking hê, maar maak seker dat goedkoop nie duurkoop is nie. Is daardie kamera of sonbril verseker daar by die see as dit nie gespesifiseer is nie?

■ Nico van Gijsen, 'n finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission